KOINGNAAS BELASTINGBETALERS
VERENIGING (KBBV)
Crescent Laan 9, Koingnaas, 8249
Whatsapp Nommer: 064 816 0385
Webwerf:
https://www.koingnaas.co.za

**14 Oktober 2022**

Die Bestuurder
Kamiesberg Munisipaliteit
Hoofweg
Garies

**Vir aandag Mnr RC Beukes**

**MOORD VAN SHAUN STEENKAMP SATERDAG 1 OKTOBER 2022 GEPLEEG DEUR MANIE CHRISTAAN**

Die notule van die KBBV Algemene jaarvergadering van 8 Oktober 2022 word aangeheg by die skrywe. Die inhoud van die notule spreek vanself. Indien Kamiesberg Munisipaliteit enige vrae of kommentaar oor die notule het is u welkom om ons in die verband te kontak.

Die persoon wat die moord gepleeg het "Hermanus (Manie) Christaan" is 30 Junie 2022 deur die SAPD ondersoek vir kindermolestering in Koingnaas. Op 1 Oktober 2022 is die moord op Shaun Steenkamp deur "Hermanus (Manie) Christaan" gepleeg in Koingnaas.

Die KBBV is genader deur die grondeienaars van Koingnaas om die volgende rondom die moord uit te klaar.

1) Waar kom "Hermanus (Manie) Christaan" die kindermolesteerder en moordenaar vandaan .
2) Waar in Koingnaas woon die "Hermanus (Manie) Christaan" wat die probleme vir Koingnaasers veroorsaak.

Die antwoord is "Hermanus (Manie) Christaan" woon onwettig op erf 3 in die skool gebou in Koingnaas. Erf 3 is gesoneer as skool en is nie geskik vir woondoeleindes nie. Van die grondeienaars in Koingnaas het genoem dat hulle reeds in die verlede met Kamiesberg Munisipaliteit in gesprek getree het met die onwettige bewoning van erf 3. Kort na die navraag is die onwettige bewoning van die skool gestaak, kort daarna is erf 3 weer bewoon waarna dit onder die Kamiesberg Munisipaliteit se aandag gebring is maar sedert Maart - April 2022 is daar niks daaraan gedoen nie.

Erf 3 was in 10 April 2021 op tender aangebied (sien tender dokument aangeheg waar daar 'n aanbod van R160 000 aan Kamiesberg Munisipaliteit gemaak is vir die skool). Aangeheg is die titelakte van erf 3 wat wys dat Kamiesberg Munisipaliteit steeds die eienaar is van erf 3 Koingnaas, wat toelaat dat 'n kindermolesteerder en moordenaar onwettig die perseel bewoon.

Die vraag is: Wat het van die tender aanbod van R160 000 op die skool geword? Die onderneming wat die aanbod gemaak het is deur Kamiesberg Munisipaliteit ingelig dat die skool aan 'n ander party aangebied is wat 'n beter aanbod gemaak het as R160 000.

In die lig van bogenoemde probleem op erf 3, ontvang die KBBV graag alle dokumente met betrekking tot die tender prosedure op erf 3. Wie die tender gewen het, of die volle koopprys wat meer as R160 000 aan die oordrag prokureurs betaal is binne die sper tydperk in die tender voorwaardes. Verder het die KBBV en die onderneming wat die R160 000 aangebied het, die reg om die dokumente te sien en ook 'n verduideliking te kry hoekom die oordrag van erf 3 nie gedoen is na die nuwe eienaar nie.

Die grootste probleem is dat erf 3 onwettig in kindermolesteerder en moordenaar onwettig huisves terwyl die eiendom in die naam van Kamiesberg Munisipaliteit geregistreer is.

Die Uwe
Johan Grabe
Voorsitter
Sel: 083 305 9943